

REFORMASIE 500 (Artikel 5)

DIE DRUKPERS WAS GOD SE BESTE WERK

Op reis deur die era van die Reformasie, moet ons 'n oomblik vertoef by een van die tegnologiese wonders van die tyd. Dit was nie 'n slimfoon of tabletrekenaar nie, maar 'n drukpers.

Die uitvinding en ontwikkeling van die drukpers word allerweë as een van die belangrikste gebeure van die Renaissance beskou. Naas die uitvindsel van die stiebeuel en die herontdekking van buskruit het hierdie “tegnologiese wonder” 'n heel nuwe dimensie in die geskiedenis van boeke en geleerdheid daargestel.

Boeke en geskrifte wat voorheen met die hand oorgeskryf moes word, kon nou in massas gedruk en versprei word. Die Reformasie het direk daarby gebaat omdat die aanvanklike geskrifte van Luther en Me-lanchton die publiek binne enkele weke in gedrukte vorm kon bereik.

Hierdie standpunt is deur Luther self bevestig toe hy na oorlewering aan sy studente gesê het: “Die drukpers is God se nuutste en beste werk om die ware godsdiens deur die wêreld te help versprei.”

Alhoewel die eerste gedrukte boek reeds in 868 in China die lig gesien het, was dit Johann Gutenberg wat teen 1445 in Mainz, Duitsland, baanbrekerswerk gedoen het en die eerste drukpers ontwikkel het. Sy uitvindsel het 'n geheim gebly totdat die stad in 1462 geplunder is en die drukkers verjaag is.

Met Luther se geboorte in 1483 was die drukkuns goed gevestig deur die hele Europa.

Terwyl daar met die aanvang van die Reformasie jaarliks slegs 500 boeke gepubliseer is, het drukkers daarvoor gesorg dat daar tydens die hoogbloeit van die Reformasie bykans 40 000 eksemplare van die bekende werk *Beneficio di Christo*, wat oor die regverdigma-king deur geloof gehandel het, gedruk en verkoop is.

Die drukkuns het egter nie net die verspreiding van polemie se pamflette en geskrifte aangehelp nie. Dit was ook instrumenteel in die publikasie van vertaalde Bybels. Voordat Luther se sogenaamde *Septemberbybel* in 1522 verskyn het, het daar reeds 14 verskillende weergawes van die Bybel in Duits verskyn.

Luther se vertaling van die Nuwe Testament was onmiddellik 'n sukses terwyl daar in Zürich alleen voor die einde van die 16e eeu reeds 19 verskillende weergawes van die Bybel gepubliseer is. 'n Stroom sagteband-weergawes van die Nuwe Testament, preke en pamflette het deurlopend van die drukperse in Wittenberg, Genève en ander Europese stede gevloei.

Geskryf deur Prof. Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com. Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:
Sáám gee ons om!

Augustus 2017

Is Jesus nog die CEO van jou lewe?

Paulus leer ons in **Kolossense 1:15-20** 'n paar dinge van Jesus. So lees ons in vers 18: "... **Die kerk kan met 'n liggaam vergelyk word. Die belangrikste deel, die kop van die liggaam, is God se Seun**" (*Die Boodskap vertaling*).



Jesus is die CEO van die kerk. Almal wat in die kerk is, of dit nou deel is van die topstruktuur of 'n lidmaat, moet rapporteer aan Jesus. Ek vermoed ons doen dit nie meer so gereeld nie.

Toe ek in die besigheidswêreld was, het ek gehou van deelnemende bestuur. Ek wou nie Baas wees en die res Klaas nie. Ek het die mense bemagtig om hulle eie bestuursbesluite te neem. Tog was dit belangrik dat ons op 'n daaglikse basis in kontak was om seker te maak dat hulle besluite binne die riglyne van die besigheid was.

Daar was tye wanneer die wiede so effe afgekom het. Nadat ons die probleem op die tafel gesit het en die oorsaak probeer bepaal het, het ons keer op keer agtergekom dat daar besluite buite die riglyne geneem was. Die gevolge was dan nie altyd soos beplan nie.

Net so lyk die gevolge ook nie orals soos beplan in ons eie lewe nie. **Ek vermoed dit het te doen met die feit dat ons nie by die CEO van ons lewe aanklop vir raad en leiding nie. Ons neem besluite op ons eie en soos ons goeddink.** Baie keer in die Naam van die Here en in alle opregtheid. Die probleem is egter dat ons nie alles sien nie en nie weet wat anderkant die bult lê nie. Met die gevolg dat ons dikwels in die verkeerde rigting foeter en dan swaarkry.

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

In die laaste deel van vers 18 lees ons: ... "By Hom het alles begin en Hy neem in alles die leiding. Hy het eerste uit die dood opgestaan."

Jesus weet presies wat om te doen. *Been there, done that, got the T-Shirt.*

Ai, broer en suster van Rietfontein-Suid gemeente; ons kan darem so kortsigtig wees. Hoekom wil ons self eers weer die wiel ontwerp? Dink ons ons kan dit beter doen? Nee wat.

Kom ons erken dat ons CEO alles weet. Kom ons belê vergaderings met Hom elke dag sodat Hy vir ons raad kan gee. By Hom is al die wysheid beskikbaar wat ons nodig het.

Dan sal vreugde en vrede oor ons spoel.

Om oor na te dink

Glo jy dat Jesus die CEO (*van jou lewe en van die gemeente*) is?

Vertel jou lewe dieselfde storie?

Hoeveel tyd bestee jy by die CEO?

Gebed

Here, ek moet meer by U uitkom. As ek so terugkyk oor my lewe, werspreeë die stories min tyd saam met U. Ek wil meer tyd met U deurbbring. Ek het U wysheid in my lewe so nodig. Amen.

Soos geskryf deur Gerjo Ben van Kruiskyk (gerjoben@kruispad.com); effens aangepas deur Ds Leon TaiT

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ◆ **6 Augustus:** 40 Dae Reeks begin
- ◆ **9 Augustus:** Vakansiedag - Nasionale Vrouedag
- ◆ **25 Augustus:** Brood-vir-Nood Funksie
- ◆ **27 Augustus:** Bybelsondag & Youthbash om 17:00

Sien jou daar!

25 Junie 2017 - Ds. Leon van Heerden Emeritaat en bevestiging in 3 jaar Vaste Termynpos



Ds. Leon en Chrissie van Heerden

NG Rietfontein-Suid
Gemeenteleraar

27 Januarie 1984 - 30 Junie 2017
(33 jaar en 5 maande)



BELASTING KONSULTANT



Het u rekenkundige of belasting probleme?

Verskaf ook ekstra rekeningkunde klasse
(Dosent vir 36 jaar)

Kontak vir Willie Spies by 012 331 2122
of 076 565 9413

BYBELSONDAG 27 AUGUSTUS

Soos gebruiklik gee ons as gemeente aandag aan Bybelsondag wat elke jaar op die laaste Sondag van Augustus val (27e Aug).

Vanjaar gaan die gelde vir **Bybels** wat deur **Sending Sonder Grense** en **Die Gideons** versprei word. U kan self kies vir watter een van hierdie 2 organisasies u wil bydra.

Neem die gemerkte koeverte by die kerkdeure of gebruik u eie koevert gemerk "SSG" of "Gideons". U kan dit in die kollektiebordjie gooi of by die kerkkantoor ingee. Inbetalings kan ook in die Gemeente se bankrekening gedoen word, met as verwysing "Bybels SSG" of " Bybels Gideons".

Dankie dat u hierdie organisasies help om Bybels te gee aan mense wat die Blye Boodskap moet hoor.

ELEKTRIESE KONTRAKTEUR



GRATIS KWOTASIES

KONTAK DV

082 886 8551

www.electricianatpretoria.co.za



KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE



KITAAR: leer speel en sing heerlik saam,

Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes.

Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe.

Kom maak jou musiek-droom waar!

Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

Kontak Kobus Nel 082 961 9425.

6

**ONS 40 DAE REEKS HIERDIE JAAR SE TEMA:
VREUGDEVOL VRY**

ONS BEGIN SONDAG 6 AUGUSTUS.

JY KAN INSKAKEL DEUR:

1. Dagstukkieboek te koop en vir die 40 Dae mee te doen
2. Deur elke Sondag vir 6 weke eredienste by te woon
3. Deur in te skakel by 'n Omgeegroep vir die 40 Dae.

INDIEN JY AL DRIE KAN DOEN SAL JY DIE MEESTE WAARDE UIT DIE 40 DAE KRY.

Doen wat vir jou moontlik is en bid saam met ons vir Geestelike groei in hierdie tyd.

Elke Omgeegroep sal DVD-snitte hê vir elke week se groepsessie.

Indien jy kans sien om gasheer/vrou te wees vir twee of drie ander persone of pare sal dit wonderlik wees.

- ♦ Vrae oor die reeks: Kontak vir Ds Tait of van Heerden
- ♦ Vrae oor groepe en om as gasheer/vrou op te tree kontak vir Tom (082 372 9803)
- ♦ Gert Kok sal Sondae na diens by nuwe lidmate –toonbank ook vrae beantwoord.



BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

3



15 Junie se lekker kamp by die kerk.



Ons het amper al die hout opgebrand in een aand!



Party het nie hulle tente nodig gehad nie, want hulle was die hele aand wakker.



'n Heerlike kuieraand wat herhaal sal word.

SOMMER SO 'N PAAR TERME OP DIE LEWENSPAD VAN 'N PREDIKANT:

- Terwyl iemand vir Predikant studeer, is hy/sy 'n Teologiese student of "Tokkelok";
- Aan die einde van sy/haar studies, word hy/sy "gelegitimeer";
- Ná legitimasie, word hy/sy "Proponent" genoem en is hy/sy beroepbaar na 'n gemeente;
- Ná beroeping deur 'n gemeente, word hy/sy in die gemeente "bevestig" (indien dit die eerste gemeente is, is dit "Bevestiging met handoplegging");
- Hy/sy ontvang nie 'n maandelikse "salaris" nie, maar 'n "Traktement";
- 'n Predikant het nie 'n "werk" nie, maar 'n "Beroep" of 'n "Bediening";
- 'n Predikant se primêre taak is Woordverkondiging, Diens van Gebede en die Toerusting van Gemeentelede;
- Wanneer hy/sy na 'n ander gemeente beroep word, ontvang hy/sy "demissie" vanaf sy bestaande gemeente op die dag van afskeid en word weer in die nuwe gemeente bevestig;
- Wanneer hy/sy aftree ("emeriteer"), ontvang hy/sy "emeritaat" en word 'n "emeritus" genoem (meer as een emeritus word "emeriti" genoem);

Sommer so tong in die kies:

- 'n Predikant gaan nie met verlof nie, hy gaan "alweer met verlof" (altans volgens lidmate);
- Hy/sy gaan nie dood nie, maar "verwissel die tydige met die ewige";
- Hy/sy word nie ryk uit die bediening nie, maar die aftreevoordele is hemels / van buite hierdie wêreld!